

**25 April**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-16**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13**

**Dank God vir die bediening van sy Woord**

Paulus se bediening in die gemeente van Tessalonisense was geseënd. Mense het geglo en 'n dinamiese gemeente kom tot stand. Selfs nadat Paulus vertrek het, het die gemeente gegroei en in die geloof standvastig gestaan.

Hoekom? Want Paulus het in sy bedieningswerk gefokus op die verkondig van die Woord van God. Sy boodskap het berus op die waarheid en nie op dwalinge nie. Sy lewenswyse was suiwer en nie losbandig nie. Dit was gesagvol en nie bedrieglik nie. Vleitaal, hebsug en misbruik van sy posisie was nie kenmerke van sy bediening nie.

Hy was bereid om alles op te offer. Hy het hulle bemoedig, aangespoor en op die hart gedruk om tot eer van God te lewe. Daarom het die Woord effektief gewerk. Paulus was 'n bruikbare instrument in die hand van God. Die gelowiges aanvaar sy boodskap as die woord van God. Die boodskap het 'n uitwerking op hulle gehad. Hulle geloof het gewerk. Hulle het hulle ingespan om mekaar lief te hê. Hulle het in die hoop volhard. Daarom dankbaarheid.

Dankbaarheid behoort ook ons lewe te kenmerk. Bedienaars van die Woord wat in 'n ware dienskneggestalte God se Woord onvervals bedien. God se Woord keer nooit leeg terug nie.

Aanvaar ons dit as die Woord van God? As ons dit as God se Woord aanvaar, sal dit 'n uitwerking op ons lewenswyse hê.  
*Sing: Psalm 33:5 (1936-beryming)*

*Ds TC de Klerk (Okahandja)*